




JAARVERSLAG



Bibliotek- en Inligtingsdiens

Library and Information Service



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

Inhoudsopgawe

1. Inleiding	1
2. Hoogtepunte van die jaar	1
3. Ons strategiese prioriteite	2
3.1 Herinrigting van biblioteekruimtes	2
3.2 Bevordering van inligtingsgeletterdheid	2
3.3 Ondersteuning en uitruiling van institusionele vakkundige publikasieuitsette	6
3.4 Verbetering en verryking van 'n volledige verskeidenheid inligtingshulpbronne	7
3.4.1 Boeke	8
3.4.2 Elektroniese hulpbronne	9
3.4.3 Metadatabestuur	10
3.5 Bevordering van 'n positiewe organisatoriese kultuur van leer en innovasie onder personeel ..	11
3.6 Voorsiening van hipermoderne inligtingstegnologie-infrastruktuur om in ons gebruikers se veranderende behoeftes te voorsien	12
4. Spesiale versamelings: bydrae tot navorsingspublikasieuitsette	13
5. Bemarking en kommunikasie.....	14
6. Slotopmerkings	15

Lede van die Biblioteekkomitee van die Senaat in 2015

Voorsitter:	Prof TE Cloete	Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie
Komiteelede:		
	Prof MI Cherry	Fakulteit Natuurwetenskappe
	Prof LC Jonker	Fakulteit Teologie
	Prof JH Nel	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
	Prof JM Pienaar	Fakulteit Regsgeleerdheid
	Prof JC Thom	Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
	Prof JL van Niekerk	Fakulteit Ingenieurswese
	Prof MA Vivier	Fakulteit AgriWetenskappe
	Mnr J Aspeling	Registrateur
	Me ER Tise	Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens
	Me D Pretorius	Sekretaris
	Mnr JC Landman	Verteenwoordiger van die Akademiese Belangeraad (ABR)

20
15

1.

Inleiding

In 'n wêreld wat aanhou verander, moet organisasies en mense konstant aanpas om te oorleef. Biblioteke is geen uitsondering nie.

Die Universiteit Stellenbosch Biblioteek- en Inligtingsdiens ('die Biblioteek') het in 2015 voortgegaan om al sy biblioteke in lewendige en aantreklike fisiese en virtuele ruimtes te ontwikkel, en het met fakulteite saamgewerk om personeel en studente se inligtingsgeletterdheidsvaardighede op te skerp. Ons het goeie vordering gemaak met die voorsiening van navorsingsteun om navorsingsuitsette en nagraadse studentesukses deur verskeie nuwe dienste te bevorder en te versterk. Ons is goed toegerus om tot die verwesenliking van die Universiteit se drie oorhoofse strategiese prioriteite, naamlik die verbreding van toegang, die handhawing van die momentum van uitnemendheid en die bevordering van samelewingsimpak, by te dra.

Die Biblioteek faciliteer navorsing en innovasie deur die verkryging, skepping, verspreiding en bewaring van die volle spektrum tersaaklike navorsingsmateriaal om die Universiteit se navorsingsfokusgebiede te ondersteun. Dít doen ons ooreenkomsdig 'n vyf jaar lange strategiese plan. Aangesien die Biblioteek se Strategiese Plan 2010-2015 in die verslagjaar ten einde geloop het, het ons in November 'n volledige hersiening van die plan onderneem om vir die ontwikkeling van die Strategiese Plan 2016-2020 voor te berei. Dit was verblydend om te sien watter goeie vordering oor die afgelope vyf jaar gemaak is – ons het byna ál die doelwitte wat in 2010 gestel is, bereik. Ons het 'n uitstekende diensgeskiedenis opgebou en suksesvol tred gehou met nuwe ontwikkelings in die dinamiese hoëronderwyslandskap, waaronder die lewering van nuwe dienste, die skep van beter gebruikerservarings, en voldoening aan ons gebruikers se verwagtinge.

Die Strategiese Plan 2016-2020 wat ons in November 2015 opgestel het, strook met die Universiteit se Visie 2030 en strategieë. Die plan lig die volgende sewe kernonsekerhede vir die Biblioteek uit:

- Om tred te hou met tegnologie en altyd een tree voor te bly
- Kliënteverwagtinge, onder meer wie ons toekomstige kliënte sal wees en wat hulle sal verwag
- Die toekomstige landskap waarin die Biblioteek sal funksioneer
- Die verskuiwing na oop toegang
- Hoe toekomstige studenteleer, onderrig en navorsing daar sal uitsien
- Of die Biblioteek in 2030 steeds relevant sal wees
- Hoe om die groei en grootte van die Biblioteek met minder hulpbronne te bestuur

Met hierdie onsekerhede in gedagte het ons ons voorkeurtoekoms begin skets, naamlik een wat samewerkend, globaal en oop sal wees. Ons is oortuig dat die Biblioteek 'n kwantumsprong na so 'n 'Grootse Nuwe Wêreld' kan maak, net soos ons oor die afgelope paar jaar getoon het dat ons werklik kan awfyk van ons tradisionele rol, naamlik die blote berging van, en voorsiening van toegang tot, inligting en inhoud.

Hierdie verslag getuig van ons nuwe, uitgebreide rol om gebruikers te help inhoud skep, beoordeel, produseer en bewaar deur middel van verskeie inisiatiewe wat die Universiteit se akademiese agenda ondersteun.

Die Biblioteek faciliteer navorsing en innovasie deur die verkryging, skepping, verspreiding en bewaring van die volle spektrum tersaaklike navorsingsmateriaal om die Universiteit se navorsingsfokusgebiede te ondersteun.



Hoogtepunte van die jaar

Ons het
791
gedigitaliseerde
items by SUNDigital
bygevoeg.

- Ons het ons navorsingsteundiens aan studente en navorsers verder uitgebrei.
- Die Universiteitsraad het finansiering bewillig vir die kampuswyvernuwings van geboue en fasiliteite, wat die sentrale JS Gericke Biblioteek en die takbiblioteke van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Teologie en die Bestuurskool insluit.
- Die Navorsingsentrum het 'n aantal gespesialiseerde werksessies vir nagraadse studente aangebied, onder meer twee nuwe werksessies oor nuttige navorsingsinstrumente en -toepassings sowel as die voordele van oop toegang vir navorsers.
- Die derde jaarlikse Biblioteknavorsingsweek het in Mei plaasgevind. Vanjaar se tema was "Verseker jou navorsingsvoetspoor".
- Ons het die aantal akademiese tydskrifttitels wat op SUNJournals gehuisves word, tot 21 uitgebrei en 2 335 items by SUNScholar bygevoeg.
- Ons het die aanbieding en bestuur van aanlynkonferensies en die publikasie van konferensieverrigtinge deur SUNConferences uitgebrei.
- Ons het 791 gedigitaliseerde items by SUNDigital Collections gevoeg.
- Op 30 Mei, presies 100 jaar nadat Jannie Marais oorlede is, het ons die nalatenskap van hierdie stigter van die Universiteit Stellenbosch en Die Burger help vereer deur 'n drie maande lange uitstalling oor sy lewe en prestasies te open.
- Op 7 Oktober het ons die Frederik Van Zyl Slabbert-katalogus, 'n produk van ons Dokumentesentrum, bekend gestel.
- Ons Africana-afdeling het buitengewone boeke, kaarte en ander items op die gebied van kartografie en ontdekingsreise uit die tydperk 1580-1830 uitgestal as deel van die jaarlikse simposium van die International Map Collectors Society, wat in Oktober in Kaapstad plaasgevind het.



3.

Ons Strategiese Prioriteite



Ons doel met die opknapping en herinrigting van ons biblioteekruimtes is om opwindende en lewendige ruimtes te skep wat studentesukses ondersteun, en samewerking, sosiale skakeling en selfstudie aanmoedig.

3.1 Rig biblioteekruimtes nuut in

Ons doel met die opknapping en herinrigting van ons biblioteekruimtes is om opwindende en lewendige ruimtes te skep wat studentesukses ondersteun, en samewerking, sosiale skakeling en selfstudie aanmoedig. Die afgelope jaar het ons beduidende vordering gemaak by twee takbiblioteke, naamlik dié van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe sowel as Teologie. By Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het ons in oorleg met verskillende belanghebbendes, waaronder studenteverteenvoordigers, die argiteksplanne hersien en verbeter om in die akademiese gemeenskap se veranderende behoeftes te voorseen. Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het finansiering ontvang vir hierdie opknapping en herinrigting, wat in 2016 sal begin. Ons het ook voortgegaan met die hermodellering van die Teologiebiblioteek as deel van daardie fakulteit se meesterplan. Ons het die elektriese toevoerstelsel opgeknap, noodligte geïnstalleer en die plaaslike gebiedsnetwerk verbeter. Verdere fases van die hermodellering van die Teologiebiblioteek sal geskied nadat geld beskikbaar kom.


3.2 Bevorderinligtingsgeletterdheid

Inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) is 'n integrale deel van die Universiteit Stellenbosch se verbintenis tot volgehoue akademiese uitnemendheid en sosiale relevansie. Daarom het ons bepaald daaraan gewerk om studente se inligtingsgeletterdheidsvaardighede te verbeter en hulle te ondersteun om betrokke, kritiese en ingeligte burgers te word. Ons intervensies het persoonlike opleiding in inligtingsgeletterdheid vir beide voor- en nagraadse studente sowel as die gebruik van IKT-versterkte biblioteekhandleidings ingesluit.



Persoonlike opleiding in inligtingsgeletterdheid vir voorgraadse studente

Vergeleke met die vorige jaar het bykans 200 meer studente ons kurrikulumgeïntegreerde opleidingsessies in inligtingsgeletterdheid bygewoon (sien figuur 1a).




Figuur 1a: Voorgraadse studente wat in inligtingsgeletterdheid opgelei is, volgens opleidingstipe

Eerstejaars in alle fakulteite kan sedert 2014 kies om vir 'n kredietdraende module in te skryf waarin inligtingsgeletterdheid geïntegreer is by, en geassesseer word as deel van, die kurrikulum. Die ideale uitkomsou wees om alle modules in inligtingsgeletterdheidsopleiding verpligtend te maak vir eerstejaars, en dit in die finale jaar op 'n gevorderde vlak te herhaal. Hiervoor is akademiese samewerking en ondersteuning egter noodsaaklik. In 2015 het die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en die Fakulteit Teologie die toon aangegee deur kurrikulumgeïntegreerde kursusse in finalejaarmodules aan te bied: Navorsingsmetodologie en Huisartskunde by Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, en Navorsingsmetodologie en Navorsingswerkstuk by Teologie.

Tog was daar 'n beduidende daling in die getal studente wat individuele opleidingsessies in inligtingsgeletterdheid bygewoon het, veral by die biblioteek van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Dít kan aan 'n kombinasie van faktore toegeskryf word. Eerstens het die uiters doeltreffende groepsopleidingsgeleenthede studente in Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe groter selfvertroue gegee om die biblioteek in al sy vorme te verken. Tweedens het die aanbiedings wat hierdie studente aan die fisiese en virtuele biblioteek bekend stel ook baie goed gewerk, en het die getal studente wat bykomende, individuele opleiding nodig gehad het gevoldiglik verder verminder.

Persoonlike opleiding in inligtingsgeletterdheid vir nagraadse studente

Ter ondersteuning van die Universiteit se strewe na navorsingsuitnemendheid en verbeterde nagraadse deursetsyfers, het onsook verskeie opleidingsgeleenthede in inligtingsgeletterdheid vir navorsers en nagraadse studente aangebied, soos figuur 1b hieronder toon.



Figuur 1b: Nagraadse studente wat in inligtingsgeletterdheid opgelei is, volgens opleidingstipe

Die twee fakulteite wat met ons saamgewerk het en hulle steun toegesê het aan kurrikulumgeïntegreerde opleiding in inligtingsgeletterdheid op nagraadse vlak was Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en Teologie. Nagraadse studente in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die MBA-program het vir die module Navorsingsmetodologie ingeskryf, en Teologiestudente vir 'n soortgelyke module as deel van hulle MDiv-program.

Altesaam 652 nagraadse studente en navorsers het die generiese opleidingsprogram bygewoon. Uit die beskikbare 25 werksessies was die sessie oor verwysingsbestuur en die werksessie oor verbeterde literatuursoektoge weer die gewildste.

Ondanks 'n afname in die getalle vir individuele opleiding onder voor- en nagraadse studente, was die totale getal individueel opgeleide nagraadse studente 149 meer as die getal individueel opgeleide voorgraadse studente (figuur 1a). Dit was ten spyte daarvan dat voorgraadse inskrywings in 2015 met 904 toegeneem, terwyl nagraadse inskrywings met 68 gedaal het. Die groter getal individueel opgeleide nagraadse studente vergeleke met voorgraadse studente bevestig die behoeftte aan 'n e-module vir nagraadse studente en navorsers. Ons het 'n module op SUNLearn ontwerp om voorsiening te maak vir nagraadse studente en navorsers se verskuiwing na selfgedreve, interaktiewe, aanlyn leer daar waar dit benodig word. Die modulehoofstukke weerspieël die ses stappe van die navorsingsproses, naamlik:

1. beplanning en ontwerp;
2. insameling en vaslegging;




The highest number of views of library guides was recorded in March 2015 (see Figure 1c), when library users viewed the guides 36 150 times.

3. ontleding, samewerking en skepping;
4. bestuur, bering en bewaring;
5. uitruiling en publikasie; en
6. monitering en beoordeling.

Ons beplan om hierdie module in die loop van 2016 beskikbaar te stel.

IKT-versterkte biblioteekhandleidings



Figuur 1c: Totale maandelikse besigtigings van biblioteekhandleidings (2013-2015)

Ons het gedurende 2015 die volgende tendense in die gebruik van biblioteekhandleidings opgemerk. Die hoogste getal besigtigings van ons biblioteekgebruikers die handleidings 36 150 keer besigtig het. Aangesien dit die tyd van die jaar is wanneer studente tipies navorsing vir hulle skriftelike werkstukke onderneem, bevestig die tendens in figuur 1c dat studente wél ons biblioteekhandleidings nuttig vind om hulle navorsing en werkstukke te voltooи. Daar kan ook 'n oorsaaklike verband wees tussen die toename in die gebruik van biblioteekhandleidings (figuur 1c) en die afname in die getal individueel opgeleide voorgraadse studente (figuur 1a). Oor die algemeen is die voortgesette en volgehoue groei in maandelikse besigtigings van die biblioteekhandleidings vanaf 2013 tot 2015 bemoedigend.

Tabel 1: Gewildste biblioteekgidse in 2015

BIBLIOTEKGIDS	TOTALE BESIGTIGINGS
How do I find, access and use information effectively: a step-by-step guide	72 580
Law & government publications	16 560
Directory of South African music collections	11 233
The research process	10 480
Education	10 090
User guide for postgraduates and researchers	9 781
Google and Google Scholar	7 518
Psychology	6 390
RefWorks	4 933
Where to publish your research article	3 706
Theology	3 463
Business Management	3 026
Bibliometrics and citation analysis	2 898

Die verbeterde gids oor die opsporing, toegang tot en doeltreffende gebruik van inligting (How do I find, access and use information effectively?) is weereens die meeste besigtig en is duidelik 'n nuttige navorsingsinstrument. Die gewildste vakspesifieke biblioteekgidse was dié vir Regsgeleerdheid en Staatspublikasies sowel as vir Opvoedkunde.

3.3 Ondersteun en deel institusionele vakkundige publikasieuitsette

Onder ons fokusgebiede in 2015 was ook die aanvaarding en inwerkingstelling van nuwe beleide om institusionele vakkundige navorsingsuitsette te versamel, te bewaar en uit te ruil. Die volgende paragrawe bied 'n oorsig van spesifieke pogings in hierdie verband.

Selfargivering van navorsingsuitsette

Met die inwerkingstelling van die beleid oor selfargivering van navorsingsuitsette, wat teen die einde van 2014 deur die Raad goedgekeur is, het die Biblioteek verskeie procedures ontwikkel sodat navorsers óf self hulle navorsingsartikels op SUNScholar kan laai óf deur middel van die navorsingsadministrasiestelsel gedurende die jaarlike navorsingsopname. Dit stel fakulteitsbibliotekarisse ook in staat om artikels namens navorsers te laai. Laasgenoemde het spoedig die gewildste indieningsmetode geword, met slegs 40 navorsers wat op SUNScholar geregistreer het om self hulle werk te laai. Fakulteitsbibliotekarisse het deur samewerking met hulle onderskeie departemente die selfargiveringsbeleid proaktief gekommunikeer en bevorder, en stelselwaarskuwings op uitgewersplatforms gestel om navorsers te verwittig wanneer hulle artikels beskikbaar is om op SUNScholar gelaai te word.

Huisves van departementele digitale versamelings wat nie as kernnavorsingsuitsette beskou word nie

Ons het 'n nuwe beleid opgestel en aanvaar om te voorsien in die vraag na bewaarplekke vir departementele digitale versamelings wat nie as deel van die Universiteit Stellenbosch se kernnavorsingsuitsette beskou word nie. Voorbeeldelike sluit in spesialiteitsversamelings met historiese data oor die bedrywighede en projekte van navorsingseenhede wat by die Universiteit geaffilieer is. Ons het met twee sulke navorsingseenhede ooreenkoms aangegaan, en bedryf nou die digitale bewaarplek met ons eie infrastruktuur, hulpbronne en vaardighede. Ons voorsien dat die vraag na hierdie diens sal toeneem in die jare wat voorlê.

Verbeterde gasheerplatforms, onder meer vir ooptoegangpublikasies

Ons gevestigde gasheerdienste SUNJournals Open Access en SUNConferences het in 2015 verder uitgebrei. SUNJournals huisves tans 21 tydskrifte, waarvan die jongste byvoeging die South African Journal of Higher Education is. SUNConferences het die voorkeurgasheerplatform vir etlike internasionale konferensies en simposiums gebly. Daarbenewens het die SUNScholar- en SUNDigital Collections-bewaarplekke steeds bestendig gegroei. Die erfenis-versamelings in SUNDigital Collections alleen het met 791 items toegeneem, en ons het ook die Africana-prenteversameling van Hugh Solomon sowel as die Albert Coates-musiekversameling voltooi.

Altesaam 2 335 items is op SUNScholar ingedien, onder meer 1 034 nuwe tesisse en verhandelinge, 47 nuwe navorsingsartikels en 1 254 retrospektiewe navorsingsartikels en konferensieverrigtinge. Ons het ook die retrospektiewe digitalisering van tesisse en verhandelinge vir die tydperk 2000–2005 afgehandel, en volledige elektroniese afskrifte van hierdie items by die SUNScholar-dokumente aangeheg. Deur verdere optimaliseringsprosesse kon ons die agterstand sodanig verklein dat dit nou slegs uit huidige werksvloei-items bestaan.

Bogenoemde optimaliseringsprosesse het ingesluit 'n opgradering van die onderliggende DSpace-sagewareplatform tot die jongste weergawe ter voorbereiding vir die inwerkingstelling van ORCID ("Open Researcher and Contributor ID"), waarop ons nou inteken. ORCID is 'n register van unieke identifikasies om navorsers en vakkundiges met die probleem van naamdubbelsoortigheid te help. Hierdie oop, deursigtige, mobiele en gemeenskapsgebaseerde instrument bied 'n blywende digitale identifikasie wat een navorser van alle ander onderskei, en die persoon se publikasies en professionele werksaamhede aan die regte profiel koppel. Afgesien van die tegniese voorbereidingswerk vir hierdie projek, het bibliotekarisse 2015 in die besonder daaraan gewy om die gebruik van ORCID te bevorder. Gevolglik het 461 navorsers reeds teen Oktober 'n ORCID-identiteit met hulle sun.ac.za-e-posadresse geskep. Aangesien die Universiteit se Afdeling Informasietegnologie hulle voorbereidings teen die einde van 2015 suksesvol afgehandel het, sal ons ORCID vroeg in Maart 2016 in werking stel.

In 'n voortgesette poging om die Universiteit se navorsers te ondersteun om op oop platforms en in ooptoegangtydskrifte te publiseer, het ons op 'n 'eerste daar, eerste klaar'-grondslag finansiering beskikbaar gestel vir artikels wat aan die vereistes van die Ooptoegangpublikasiefonds voldoen. Ons het aanvanklik 'n bedrag van R640 000 uit die materiaalbegroting aan die Ooptoegangpublikasiefonds toegeken. Tog moes ons daardie geld hertoeken omdat onvoorsiene skommeling in wisselkoerse en die pas ingestelde BTW op ingevoerde elektroniese hulpbronne 'n tekort veroorsaak het. Ons het nietemin ons institusionele lidmaatskap van die BioMed Central-ooptoegangplatform behou, waardeur ons die oueursfooie van 12 gepubliseerde artikels ten bedrae van R218 353 betaal het, terwyl ons voorlopig 'n verdere R212 550 vir tien artikels goedgekeur het. Ons het altesaam R417 893 in finansiering beskikbaar gestel vir die publikasie van 30 artikels in ooptoegangtydskrifte. Die verantwoordelikheid vir die finansiering van artikels wat op ander ooptoegangplatforms gepubliseer word, is na die kantoor van die Viserektor vir Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie verskuif. Hierdie kantoor het artikels ter waarde van ongeveer R397 565 gefinansier.

Biblioteekaankope en -besteding het in die onlangse tyd dramaties verskuif om maksimum uitbreiding van ons elektroniese navorsingshulpbronne te verseker.

3.4 Verbeter en verryk 'n omvattende reeks inligtingshulpbronne

Sedert die hersiening van ons Strategiese Plan 2013/14 en die aanbevelings deur die eksterne beoordelingspaneel van 2013, het ons beduidende vordering gemaak om die gehalte van ons kernversamelings te verbeter ten einde die kurrikulum te ondersteun. Ons besef dat ons 'n noodaaklike diens aan die Universiteit se navorsingsomgewing lewer. Daarom beoordeel ons voortdurend die nut en waarde van ons versamelings en onttrek items wat verouderd geraak het of nou eerder elektronies toeganklik is.

Biblioteekaankope en -besteding het in die onlangse tyd dramaties verskuif om maksimum uitbreiding van ons elektroniese navorsingshulpbronne te verseker. Ons bestee nou sowat 83% van ons materiaalbegroting (inligtingshulpbronne) aan elektroniese inhoud – hoofsaaklik navorsings-databasisse en aanlyntydskrifte. Die materiaalbegroting dek alle koste wat die Biblioteek aangaan om inhoud aan te koop, waaronder tydskrifintekening, boeke, databasisse en BTW op hierdie hulpbronne. Ongelukkig het die wisselkoers en die pas ingestelde BTW op ingevoerde elektroniese hulpbronne (sien volgende paragraaf vir meer inligting) 'n dramatiese uitwerking op die materiaalbegroting van 2015 gehad. Gevolglik moes ons met 'n projek begin om van die tydskrifte waarop ons ingeteken was te kanselleer ten einde besteding aan inligtingshulpbronne in 2016 te verlaag. Ná 'n omvattende beoordeling van ons databasisse, tydskrifte en staande bestellings het ons eerstens subskripsies ter waarde van R1 838 511 gekanselleer. Tweedens het ons 'n verdere R191 039 bespaar deur nie-kern- akademiese hulpbronne, soos die bibliografiese bestuurshulpmiddele waarop ons inteken, na die bedryfsbegroting te verskuif. Laastens het ons die boekbegroting vir 2016 besnoei (nadat ons reeds die boekbegroting van 2015 verlaag het) om 'n besparing van R2 114 430 teweeg te bring. Sodoende kon ons 'n algehele besparing van R4 143 980 verseker, en die begroting tot slegs kernhulpbronne beperk.


Die algehele materiaalbegroting het in 2015 met slegs 6,9% toegeneem, vergeleke met 20,9% in 2014. Aangesien die wet ingevolge waarvan BTW op e-handel gehef word, op 1 April 2014 in werking getree het, moes ons egter vir die betaling van BTW op ingevoerde elektroniese hulpbronne voorsiening maak. As gevolg hiervan het die materiaalbegroting vir 2015 in werklikheid met altesaam 18,9% toegeneem. Gevolglik het ons in 2015 'n begrotingstekort van ongeveer R3 200 000 gehad, met 'n bykomende tekort van R7 700 000 vir BTW-betאלings op ingevoerde elektroniese hulpbronne, waarvoor geen begrotingsvoorsiening gemaak is nie. Om hierdie tekort in 'n mate te dek, moes ons die begroting wat in 2014 goedgekeur is, aanpas. Sedert Januarie 2015 kon ons ons BTW-verpligte nakom deur ons materiaalbegroting te hersien en die aanvanklike begroting met R3 045 032 te verlaag. Dit het 'n vermindering van R307 562 in die boekbegroting ingesluit asook die hertoekenning van R640 000 uit die Ooptoegangpublikasiefonds van 2015. Boonop het ons RI 734 142 uit ons reserwefinansiering bygedra om al die fakture te verwerk.

Weens inflasie en die swakker waarde van die rand teenoor buitelandse geldeenheid kon ons nie enige verbintenis tot nuwe databasisse of tydskrifte aangaan nie. In plaas daarvan het ons gekies om ons intekening op bestaande noodaaklike en goed-gebruikte hulpbronne te behou. Ondanks ons finansiële uitdagings doen ons alles moontlik om strategiese kernhulpbronne in stand te hou wat die navorsings- en inligtingsbehoeftes van akademiese personeel en studente ondersteun.

Toegang tot 'n geraamde 193 581 lopende tydskrifttitels, waarvan bykans alles elektronies beskikbaar is.

3.4.1 Boeke


Ons het in 2015 altesaam 11 508 nuwe gedrukte boeke by ons versameling bygevoeg, waarvan 6 171 teen R4 157 126 aangekoop is. Gevolglik het die versameling gedrukte boeke op 784 622 te staan gekom (sien figuur 2 hieronder). Ons het ook ons elektroniese boekversameling op die vernaamste e-boekplatforms uitgebrei deur e-boeke van onder andere Ebrary, MyiLibrary, Science Direct, Wiley-Blackwell, Cambridge University Press, WoltersKluwer Ovid, Palgraves en ProQuest aan te koop. Die e-boekversameling het met 209 titels aangegroei teen 'n koste van R425 224 – gemiddeld R2 034 per aangekoopre titel.



Figuur 2: Grootte van gedrukte versameling (2005-2015)

3.4.2 Elektroniese hulpbronne

Elektroniese materiaal word hoofsaaklik deur databasisse beskikbaar gestel. Hoewel die groter, multidissiplinêre databasisse en tydskrifpakkette op groot skaal gebruik word, doen ons alles moontlik om te verseker dat ons kliënte ook bewus is van die kleiner databasisse en pakkette waarop ons inteken. Aankope van elektroniese tydskrifte het steeds dié van gedrukte tydskrifte oorskry. Ons bied toegang tot 'n geraamde 193 581 lopende tydskrifttitels, waarvan bykans alles elektronies vir ons kliënte beskikbaar is en slegs 766 in gedrukte vorm. Figuur 3 toon die toename in die getal tydskrifttitels wat ons elektronies beskikbaar het. Tydskrifte wat deur middel van databasisse en tydskrifpakkette toeganklik is, is hierby ingesluit.



Figuur 3: Voltekstydskrifte beskikbaar deur middel van ons A-Z-lys, 2007-2015

Die werk wat in katalogiseerafdelings gedoen word, verander voortdurend saam met die biblioteekomgewing. Daarom herbesin bibliotekarisse wêreldwyd oor die name van hierdie afdelings.



Ons ondersteun steeds toegang tot, en bied opleiding in, 'n groot aantal bestaande elektroniese hulpbronne wat baie gewild bly onder biblioteekgebruikers. Tabel 2 toon hoeveel volteksartikels in 2015 van ons tien gewildste databasisse afgelaai is.

Tabel 2: Voorste 10 databasisse volgens getal volteksartikels wat afgelaai is

Databasis/tydskrifpakket	Aantal volteksartikels afgelaai in 2015
ScienceDirect	586 995
JSTOR	169 535
Wiley Online Library, volledige versameling	140 918
Taylor & Francis-tydskrifversameling in sosiale en geesteswetenskappe (SSH) en wetenskap en tegnologie (S&T)	81 950
EBSCOhost Academic Search Premier	67 458
Springer/Kluwer-pakket van voltekstydskrifte	80 538
Sage Premier-tydskrifversameling	44 764
HeinOnline	36 522
EBSCOhost Business Source Premier	36 358
Journals@Ovid	32 651
TOTAAL	1 277 689

3.4.3 Metadatabestuur

Die werk wat in katalogiseerafdelings gedoen word, verander voortdurend saam met die biblioteekomgewing. Daarom herbesin bibliotekarisse wêreldwyd oor die name van hierdie afdelings. Katalogiseerders se werk behels meer as die katalogisering van boeke, tydskrifte, tesisse en tradisionele elektroniese media soos CD's. Hulle skep ook metadata vir elektroniese volteks-items in institusionele bewaarplekke, soos elektroniese boeke en artikels, tesisse en verskeie ander soorte elektroniese media en webtuistes. Die metadata wat aan hierdie inligtingsbronne gekoppel word, bied baie nuttige konteks wat veel verder as gewone bibliografiese inligting strek. Metadata van gehalte stel die biblioteek in staat om met gebruikers se veranderende opsporingsmetodes by te hou, en verbeter ook die opspoorbaarheid van bronne. Nuwegerasie-katalogusse gebruik die terme 'rolgebaseerde profiele' en 'metadatabestuur' om die funksie van hierdie biblioteekafdeling te beskryf. Dít is waarom ons die Biblioteek se Katalogiseerafdeling tot die Afdeling Metadatabestuur herdoop het.

Hierdie afdeling het in 2015 metadata vir 10 283 nuwe gedrukte boeke by die Biblioteek se katalogus bygevoeg, terwyl 3 179 dokumente in die institusionele bewaarplek op dié manier aangevul is, waaronder:

- nuwe en terugwerkende tesisse;
- nuwe en terugwerkende artikels;
- oop opvoedkundige hulpbronne;
- toesprake;
- konferensiereferate;
- intreeredes; en
- gedigitaliseerde versamelings.

Deeglike metadata vir spesiale versamelings en navorsingsuitsette help om die Biblioteek die middelpunt van vakkundige navorsing te maak en versterk die Universiteit Stellenbosch se profiel as 'n uitmuntende navorsingsgedrewe instelling. Nog belangriker is dat dit ons in staat stel om nuwe kennis wat by die Universiteit geskep word aan 'n wêreldgehoor oor te dra sodat navorsingsresultate prakties toegepas kan word.

3.5 Bevorder 'n positiewe organisatoriese kultuur van leer en innovasie onder personeel

Ons het daadwerklike steun gebied vir 'n robuuste professionele ontwikkelingsplan vir elke personeellelid ten einde ons beoogde strategiese oogmerke vir 2015 te bereik.

In hierdie verband het agt personeellede by onderskeidelik die universiteite van Stellenbosch, Wes-Kaapland en Suid-Afrika ingeskryf vir formele studieprogramme soos Blnf en die honneurs- en magisterprogramme in Biblioteekkunde. Altesam 33 personeellede het die Kaapse Hoeronderwyskonsortium se modules oor leierskap, doeltreffende kommunikasie, veranderingsbestuur en projekbestuur bygewoon. Die Universiteit Stellenbosch se eie kursusse in Inligtingstegnologie en Menslike Hulpbronne het ook heelwat belangstelling onder personeel gewek. Daarbenewens het ons deur die jaar verskeie sessies aangebied om die welwees en persoonlike groei van personeel aan te moedigen ook ons werkplekvaardighede op te skerp. Die hoogtepunte het ingesluit 'n praatjie oor die gebruik van sosiale media in die biblioteek deur Debbie Human, 'n sessie oor digitale bewaring deur Mimi Seyffert, 'n uitstappie na die Universiteit Stellenbosch Botaniese Tuin en 'n inligtingsessie en demonstrasie oor selfverdediging. Ons het ook met die Universiteit se Welweeskantoor saamgewerk om personeel aan te moedig om aan fiksheids- en uitreikaktiwiteite deel te neem, soos die maandelikse welweespratjies gedurende die etensuur, die pretloop in April, die initiatief Toasties for Tummies, aktiwiteite op Loslitdag, die Universiteit se personeelsportdag in Oktober en die projek Bread Tags for Wheelchairs.

Die volgende afdelings lys die personeelaktiwiteite en -deelname in 2015 wat gerig was op die bevordering van leer en innovasie:

Bywoning van internasionale, nasionale en plaaslike konferensies en werksessies

- Twee personeellede het van 1 tot 11 Februarie die Online Computer Library Center se vergadering vir die streek Europa, die Midde-Ooste en Afrika in Florence, Italië, bygewoon.
- Drie personeellede het van 19 tot 20 Mei 'n werksessie van die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium (SANLiC) in Boksburg bygewoon.
- Twee personeellede het van 10 tot 12 Junie 'n werksessie oor IT in hoeronderwysbiblioteke in Johannesburg bygewoon.
- Een-en-veertig personeellede, waaronder 14 vrywilligers, het van 15 tot 20 Augustus die International Federation of Library Associations and Institutions (IFLA) se internasionale biblioteek- en

inligtingskongres in Kaapstad bygewoon.

- Ons het van 13 tot 14 Augustus die satellietvergadering van IFLA se Afdeling Inligtingstegnologie by die Stellenbosch Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) aangebied, wat 15 van ons personeellede ook bygewoon het.
- Vyf personeellede het van 13 tot 14 Augustus die IFLA-satellietvergadering vir akademiese en navorsingsbiblioteke in Kaapstad bygewoon.
- Twee personeellede het van 21 tot 22 Augustus IFLA se na-konferensiewerksessie oor statistiek in Kaapstad bygewoon.
- Twee personeellede het van 16 tot 18 September die Sabinet-kliëntekonferensie op Kleinmond bygewoon.
- 'n Personeellid het van 6 tot 11 September die Higher Education Resource Services – South Africa Academy (HERS-SA) in Kaapstad bygewoon.
- 'n Personeellid het van 27 tot 28 Oktober die agtste jaarkonferensie oor die akademieskap van onderrig en leer op Stellenbosch bygewoon.
- 'n Personeellid het van 29 November tot 5 Desember 'n inligtingstoer met die tema "Die toekoms van biblioteke - die biblioteke van die toekoms" in Duitsland meegemaak met die vergunning van die Federale Republiek van Duitsland se besoekersprogram.

Aanbieding van referate by werksessies of konferensies

- Ilse de Lange het die referaat "The rollercoaster experience: demand-driven acquisitions at Stellenbosch University in 2014" aangebied by SANLiC se werksessie in Boksburg van 19 tot 20 Mei.
- Mimi Seyffert het die referaat "From Berlin back to business: open access at Stellenbosch University Library and Information Service" aangebied by 'n ooptoegangseminaar van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port Elizabeth op 27 Julie.
- Mimi Seyffert het ook die referaat "Transforming libraries with open digital technologies" aangebied by die satellietvergadering van IFLA se Afdeling Inligtingstegnologie op Stellenbosch van 13 tot 14 Augustus.
- Ellen Tise het die hoofrede "From research support to research partners" gelewer by die IFLA-satellietvergadering vir akademiese en navorsingsbiblioteke in Kaapstad op 13 Augustus.
- Ricardo Davids het die plakkaat "Orange Juice: Blended or Pure" aangebied by IFLA se internasionale biblioteek- en inligtingskongres in Kaapstad van 15 tot 20 Augustus.
- Marleen van Wyk was mede-outeur van die referaat "A multifunctional early-assessment approach in a first-year Political Science module" saam met dr Ubi Adams, en het dit aangebied by die konferensie oor die akademieskap van onderrig en leer op Stellenbosch van 27 tot 28 Oktober.

As deel van die hersiening van ons bestaande stelselinfrastruktuur het ons nuwer tegnologieë vir die bestuur en opsporing van elektroniese bronne en tradisionele biblioteekmateriaal ondersoek.

Publikasies

- Tise, Ellen R. & Raju, Reggie (2015) "African librarianship: a relic, a fallacy or an imperative?" Library Trends (uitgawe gewy aan biblioteek- en inligtingsdienste in Afrika in die 21ste eeu, onder redakteurskap van Ellen R. Tise), 64(1):3-18.

3.6 Voorsien hipermoderne inligtingstegnologie-infrastruktuur om in ons gebruikers se veranderende behoeftes te voorsien







As deel van die hersiening van ons bestaande stelselinfrastruktuur het ons nuwer tegnologieë vir die bestuur en opsporing van elektroniese bronne en tradisionele biblioteekmateriaal ondersoek. Dít het ingesluit 'n uitvoerige beoordeling van ons huidige verskaffer, Ex Libris, se nuwegerasieplatform vir biblioteekbestuur, sowel as die nuwe beskikbare stelsel van die Online Computer Library Center, wat plaaslik deur Sabinet onderskryf word. Ons het besluit om in die tweede helfte van 2016 'n nuwe biblioteekstelselplatform in werking te stel sodat dit met ingang van 2017 volledig geïntegreer en in bedryf kan wees. In die ondersoek het ons gefokus op die jongste navorsing en ontwikkelings op die gebied van kontemporäre opsporingsplatforms wat in nuwegerasieplatforms vir biblioteekbestuur veranker is. Om optimale gebruik van ons bestaande opsporingsplatform te bevorder, het ons verskeie bywerkings van die Online Computer Library Center Knowledge Base in werking gestel, wat as die onderliggende hulpbrondatabase van die Worldcat Local-opsporingsinstrument dien. Gevolglik kan ons nou meer elektroniese hulpbronne beskikbaar stel via Worldcat Local, wat die opspoorbaarheid van plaaslike institusionele hulpbronne verbeter.

Ons het ook ons Tegnologieplan opgestel, wat beoog om te verseker dat IKT so doeltreffend moontlik gebruik word om ons institusionele doelwitte en oogmerke te bereik. Vanaf 2016 sal ons die Tegnologieplan in samewerking met die Universiteit se sentrale Afdeling Informasietegnologie in werking stel. 'n Kernaspek van die plan is om toe te sien dat die Biblioteek 'n bevoegde en bekwame hulpbron bly wat die Universiteit se missie om wêreldklasnavorsing te lewer, ondersteun. Daarom het ons voortgegaan om deel te neem aan ondersoeke om navorsingsdatabestuursdienste te lewer en 'n sakevoorstel vir dié doel op te stel. Dít sluit in die moontlike inwerkingstelling van 'n instrument vir databestuursbeplanning om die moontlike risiko van navorsingsdataverlies te bepaal en om by die aanvang van 'n navorsingsprojek reeds voldoende voorsiening vir bergingsruimte en databestuursdienste te maak.

4.

Spesiale versamelings

Bydrae tot navorsingspublikasieuitsette



In die loop van 2015 het navorsers wat die bronne in ons Spesiale Versamelings geraadpleeg het die volgende 12 werke (tien boeke en twee artikels) gepubliseer:

- *Donker Stroom*, Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog deur Carel van der Merwe. Kaapstad:Tafelberg, 2015. (Skrywer het ons Africana-versameling en die Leyds-versameling in ons Dokumentesentrum geraadpleeg.)
- *Changing Childhoods in the Cape Colony: Dutch Reformed Church Evangelism and Colonial Childhood, 1860-1895* deur SE Duff. Palgrave Macmillan, 2015. (Skrywer het die Charlie Immelman-versameling in ons Dokumentesentrum geraadpleeg.)
- 'n Konstante revolusie: Naspers Media 24 en oorgange deur Lizette Rabe. Kaapstad:Tafelberg, 2015. (Skrywer het ruim gebruik gemaak van die DF Malan- en P Cilliers-versamelings in ons Dokumentesentrum.)
- *Maggie Laubser: 'n Venster op Altijd Lig* deur Muller Ballot. Stellenbosch: Sun Media, 2015. (Skrywer het ruim gebruik gemaak van die Maggie Laubser-versameling in ons Dokumentesentrum.)
- *Nalatenskappe sonder einde: Die verhaal van Jannie Marais en die Marais Broers* deur Pieter Kapp. Kaapstad:Tip Africa Publishing, 2015. (Skrywer het ruim gebruik gemaak van die Jannie Marais- en HB Thom-versamelings in ons Dokumentesentrum.)
- *Buhr van die Bokveld* deur Hermann Giliomee. Africana Uitgewers, 2015. (Skrywer het die Johann Buhr-verameling in ons Dokumentesentrum geraadpleeg.)
- *A feast from nature: Food culture of the First Humans on Planet Earth* deur Renata Coetze. Pen Stock Publishing, 2015. (Skrywer het ons Africana-versameling en Beskermde Versameling geraadpleeg.)
- *Empire, War & Cricket in South Africa: Logan at Matjiesfontein* deur Dean Allen. Kaapstad: Zebra Press, 2015. (Skrywer het ons Africana-versameling geraadpleeg, sowel as die Matjiesfontein-versameling wat nou in ons Dokumentesentrum gehou word.)
- *A Perfect Storm* deur Milton Shain. Jonathan Ball Publishers Suid-Afrika, 2015. (Skrywer het die DF Malan-versameling in ons Dokumentesentrum geraadpleeg.)
- *Die onbekende Van Gogh: Die lewe van Cornelis van Gogh van Nederland tot Suid-Afrika* deur Chris Schoeman. Kaapstad: Zebra Press, 2015. (Skrywer het ruim gebruik gemaak van ons Africana-versameling sowel as die K de Villiers-versameling in ons Dokumentesentrum.)
- "Histories of exchange: Indigenous SA" deur Elisa Dainese, *South African Architectural Record and Architectural Review* in *Journal of the Society of Architectural Historians*, Desember 2015, 74(4):443-463. (Skrywer het die James Walton-versameling in ons Dokumentesentrum geraadpleeg.)
- "Japie Basson: 'The complete politician'" deur Paul L. Murray, *Bulletin of the National Library of South Africa*, Junie 2015, 69(1):94-101.

*Author, Winnie
Rust,
gave the sixth
Manuscripts
Section Lecture on
6 March 2016*



Ons Manuskripafdeling het tot die volgende twee doktorsgrade bygedra:

- “A framework for constitutional settlements: An analysis of diverging interpretations of the South African Constitution”, SM Teuteberg, PhD-tesis, Universiteit Stellenbosch, 2015. (Student het die H Giliomee-versameling in ons Dokumentesentrum geraadpleeg.)
- “Negotiations of identity in post-apartheid popular Afrikaans music”, SD van der Merwe, PhD-tesis, Universiteit Stellenbosch, 2015. (Student het ons Africana-versameling geraadpleeg, en ook ruim gebruik gemaak van die HB Thom- en GG Cillié-versamelings in ons Dokumentesentrum.)

Skrywer Winnie Rust het op 6 Maart die sesde lesing van die Manuskripafdeling by die Stellenbosch Woordfees gelewer. Haar werke sluit in Martha, wat die verhaal vertel van Martha Solomons, die gravin van Stamford, en Trek, die verhaal van die gedwonge verskuiwing van bruin mense uit die middedorp van Wellington, en die gevolglike impak daarvan op die gemeenskap. Rust kry die materiaal vir haar skryfwerk uit haar omgewing, waar haar wortels lê, maar wil ook hê dat haar werk universeel ingang vind. Sy het doelbewus “Vrouespore deur my dorp” as die titel van haar lesing gekies, want al die hoofkarakters in haar boeke tot dusver vertel die lewensverhale van merkwaardige vroue van haar tuisdorp Wellington. Sowat 60 gaste, onder meer die skrywer se kinders en kleinkinders, het die geleenthed bygewoon.

Op 30 Mei, presies 100 jaar nadat Jannie Marais oorlede is, het ons die nalatenskap van hierdie stigter van die Universiteit Stellenbosch en Die Burger help vereer deur 'n drie maande lange uitstalling in ons Spesiale Versamelings te open. Die uitstalling, *Jannie Marais. Die man. Sy erflating / The man. His legacy*, het ook getoon hoe die diamantstormloop teen die einde van die 1800's die Bolandse dorp Stellenbosch sowel as die Universiteit geraak het.

Ons het die Frederik Van Zyl Slabbert-katalogus op 7 Oktober bekend gestel en aangebied. Hierdie versameling van meer as 4 000 items wat aan wyle dr Slabbert behoort het, bied uitsonderlike insig in die denke van 'n man wat dikwels as een van die argitekte van ons demokrasie beskryf word.

Laastens het ons Africana-afdeling van 21 tot 30 Oktober buitengewone boeke en kaarte uitgestal as deel van die International Map Collectors Society se jaarlikse simposium, wat in Kaapstad plaasgevind het. Items op die gebied van kartografie en ontdekkingsreise uit die tydperk tussen 1580 en 1830 is ten toon gestel.



The ‘Jannie Marais’ exhibition outside Special Collections division



The Frederik Van Zyl Slabbert Catalogue was presented to Tania Slabbert (right), daughter of the late Frederik Van Zyl Slabbert, and Leslie van Rooi (left), Head of the Van Zyl Slabbert Institute, by Ms Ellen Tise, Senior Director of the Library and Information Service.



Delegates of the International Map Collectors Society’s (IMCoS) annual symposium seen viewing the exhibition on cartography and exploration between 1580 and 1830, in the Africana Room

5.

Bemarking en kommunikasie

*Prof Johann Mouton
(Director: CREST)
during his talk on
bibliometrics*



*Library Research Week Welcoming Function.
From left to right: Prof Eugene Cloete (Vice-Rector: Research and Innovation); Ellen Tise (Senior Director: Library and Information Service) and Prof Yusef Waghid (Distinguished Professor, Education Policy Studies)*



Participants at a Library Research Week workshop



Dr Laurel Haak during her talk about ORCID (Executive Director: ORCID)



Some of the thirty-six IFLA WLIC delegates being given a guided tour of the JS Gericke Library

Die derde jaarlikse Biblioteeknavorsingsweek het van 11 tot 15 Mei plaasgevind. Die program is geopen deur die Viserektor vir Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, prof Eugene Cloete, met prof Yusef Waghid van die Fakulteit Opvoedkunde as 'n gasspreker. Die week het bestaan uit sessies oor hoe om jou navorsingsvoetspoor te verseker, wat 'n praatjie ingesluit het oor bibliometrie deur prof Johann Mouton van die Sentrum vir Navorsing oor Evaluering, Wetenskap en Tegnologie, en 'n werksessie deur verskillende kollegas op kampus oor hoe om 'n aanlynidentiteit te bou. Laasgenoemde sessie was uiters gewild en het geleid tot 'n artikel deur Wiida Fourie-Basson wat ons ná die tyd versprei het. 'n Verdere aktiwiteit op die program was demonstrasies van ResearcherID, Scopus Author ID, Google Scholar ID en ORCID. Ons het die week afgesluit met 'n baie geslaagde Sosiale Uur-gesprek in die Navorsingsentrum wat deur Innovus se LaunchLab aangebied is. Ongeveer 120 mense het geesdriftig aan die week se werksessies deelgeneem en het ook die uitstallings deur die Universiteit se professionele steundiensteafdelings en 'n paar handelaars besoek.

Die Sosiale Uur-geleenthede van die Navorsingsentrum het baie gewild gebly onder nagraadse studente, van wie baie die Navorsingsentrum daagliks gebruik. Die volgende drie Sosiale Uur-gesprekke het in 2015 plaasgevind:

Johnathan Smit en Paul Kim (LaunchLab, Innovus) het op 17 Mei die eerste sessie van die jaar, "Bridging the gap between research and starting your own business", as deel van ons Biblioteeknavorsingsweek aangebied.

Prof Guy Midgley (Plant- en Dierkunde) het sy praatjie, "Reflecting on a career in ecology, from science to policy and back again", op 28 Augustus gelewer.

Prof Faadiel Essop (Fisiologiese Wetenskappe) se praatjie, "Getting to the heart of the matter...", op 9 Oktober het oor hartgesondheid gehandel.

Een van die hoogtepunte van die jaar was toe ons 36 van ons internasionale eweknieë van 18 lande kon ontvang wat in Kaapstad was om die 81ste internasionale biblioteek- en inligtingskongres van IFLA by te woon. Ons het ons gaste op 'n dinamiese aanbieding oor die diens- en fasiliteitsaanbod in ons sentrale en vyf takbiblioteke getrakteer, gevvolg deur 'n insiggewende aanbieding oor ons digitale versamelings en dienste. Ons het ook verskeie ander besoekers en afvaardigings deur die loop van die jaar ontvang.

Met behulp van nuusblogs, plasmaskermskyfies en inskrywings op sosiale media het ons bewustheid gewek van Suid-Afrikaanse Bibliotekarissedag (10 Julie), Internasionale Geletterdheidsdag (8 September) sowel as Erfenismaand (September). Van 7 tot 13 September het ons ook Suid-Afrikaanse Nasionale Boekeweek gevier deur plakkate in die Ontspanningsleesafdeling aan te bring, op die biblioteekwebtuiste blootstelling te gee aan uiteenlopende skrywers van die Universiteit Stellenbosch én hulle werk, sowel as deur plasmaskermskyfies en sosiale media.

6.

Slotopmerkings



As deel van ons strategiese gesprekke teen die einde van die jaar het ons tot die gevolgtrekking gekom dat die Biblioteek in die toekoms in 'n supersamewerkende, globale en oop landskap sal funksioneer. Om in so 'n nuwe wêreld sukses te behaal, sal ons verandering moet verwelkom, nuwe dienste moet instel en beter met ons gebruikers moet kommunikeer. Die nuwe visie en strategiese doelwitte wat ons nou aanvaar het, sal ons in staat stel om te vernuwe en om proaktief te reageer op én te skakel met gebruikers daar waar hulle woon, leer en navorsing doen.

Ons bedank die Universiteitsbestuur, die Viserektor vir Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, dekane sowel as die lede van die Biblioteekkomitee van die Senaat vir hulle ondersteuning en voortgesette belangstelling in die versekering dat ons 'n doeltreffende biblioteekstelsel het. Opregte dank gaan ook aan ons bestuurspan en elkeen van ons personeelde wat tot 'n uiters suksesvolle jaar bygedra het.